

Weet wanneer dit tyd is om te gaan!

Julie 2015

In April 1995, was die aanleg in New Jersey besig om 'n produk te meng in 'n 6 kubieke meter menger. Die mengsel het ingesluit vaste stowwe soos natrium hidrosulfied, aluminium poeier en natrium karbonaat maar ook benzaldehid, 'n vloeistof. 'n Eksotermiese reaksie het die mengsel baie warm gemaak, moontlik as gevolg van water kontaminasie. Al die werkers het die gebou verlaat, maar later teruggekom om die menger te probeer leegmaak. Terwyl hulle besig was het die menger ontplof. Vyf mense is dood, almal in die mengerkamer, en vier ander is beseer.



In April 2004, op 'n lotproses polyvinylchloried aanleg in Illinois, het 'n operateur die uitlaatklep van die verkeerde reaktor oopgemaak. Die reaktor was in die reaksiefase met vinylchloried monomeer onder druk. 'n Groot wolk van vlambare, giftige vinylchloried is vrygelaat in die gebou. Operateurs en die skoftoesighouer het vergeefs probeer om die lek te stop, en het nie aan hulle eie veiligheid gedink nie. Die vlambare wolk het ontbrand en ontplof en die aanleg verwoes. Vyf werkers is dood, insluitende die operateurs wat die lek probeer stop het, en drie ander is beseer. Vir meer inligting oor die insident, sien die Beacon van Junie 2013.



In Junie 2005 was daar 'n brand in 'n gassilinder vul en verspreidingsdepot in St. Louis, Missouri. Daar was duisende silinders met vlambare gas. 'n Veiligheidsklep op 'n propileen silinder het oopgemaak as gevolg van die baie warm dag, die gas het ontbrand en die vuur begin. Die brand het binne net 4 minute versprei deur die hele aanleg terwyl die silinders een na die ander ontplof het. Almal het die aanleg onmiddellik verlaat soos voorgeskryf deur die noodplan. Die brandweer het nie probeer om die fabriek binne te gaan nie. Nie een van die werkers of besoekers aan die aanleg is dood nie. 'n Buurman is dood as gevolg van 'n asma aanval weens blootstelling aan rook.

Wat kan jy doen?

In die eerste twee insidente is werkers dood terwyl hulle probeer het om 'n ernstige abnormale insident te hanteer – 'n onverwagte eksotermiese reaksie in die menger en 'n vrylating van vlambare gas in die gebou. Hulle het waarskynlik gedink hulle kan die insident stop. Hulle het of nie genoeg inligting gehad oor wat moontlik kon gebeur nie, of hulle het nie die risiko ordentlik deurdink nie. In die derde insident het werkers en besoekers onmiddellik die aanleg verlaat, brandbestryders het die brand vanaf 'n veilige afstand dopgehou en daar was geen ongevalle nie.

As daar 'n onverwagte reaksie in 'n reaktor of menger is, weet jy nie wanneer die reaksie genoeg druk gaan opbou om die menger te bars nie. 'n Groot vrylating van vlambare gas het net 'n vonk nodig om te brand of ontplof. Moet nooit jouself in gevaar stel en in die aanleg bly as dit gebeur nie. Ken jou aanleg se noodplanne, neem deel aan die oefeninge, en maak seker jy weet wanneer om eerder weg te kom uit die aanleg uit.

Weet wat verkeerd kan gaan op jou aanleg, en wanneer dit tyd is om eerder die aanleg te verlaat!